

**22 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 107:1-22**

**Fokusgedeelte: Psalm 107:15**

**Loof die Here vir sy hulp**

Waar lê jou nood vandag – op hierdie oomblik wanneer jy hier lees? Is jou nood fisies van aard? Is jy honger, dors, sonder blyplek, sonder behoorlike klere? Of lê jou nood dalk diep in jou hart? Jy stry miskien teen `n sonde en oorwin dit nie, jou huwelik is vol ongeluk en spanning, jy worstel met `n drankprobleem en vorder nie.

Psalm 107 roep ons weer vandag op om ons hulp by die Here te soek. Bring jou nood na Hom toe. Hy is die groot Helper in die nood. Hy is goed, Hy is vol liefde en ontferming.

Vertel Hom van jou stryd, jou vrese en bekommernisse, jou moedeloosheid en depressie. Vertrou Hom daarmee. Wees honger en dors na sy hulp en uitkoms. Sien sy wonderlike uitkoms en liefde ook raak. Dieselfde wat Hy bewys het deur die gee van sy Seun, selfs tot in die dood – ook vir jou.

Wanneer jy sy hulp vandag opnuut leer ken het, reageer dan daarop. Reageer soos wat Psalm 107 dit van jou verwag. Wees bly! Loof en prys en dank die Here vir sy goedheid, sy liefde, sy hulp in jou lewe!

*Sing: Psalm 149:1*

*Ds L du P van der Vyver (Silverton)*